

KOMMUNIKAMMA 30 JULIE 2023



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Nekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

Die leraars besoek jou graag op versoek. Neem asb vrymoedigheid om met ons te skakel.

WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE

Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:

Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.

Stuur 'n whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.

Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 30 Julie

08:30 EIETDSE DIENS

09:45 KATEGESE

10:00 KLASSIEKE DIENS

Skriflesing: Genesis 29:15-28

Tema: Kierankies braai uit?

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Huis Louisa Meyburgh

Maandag 31 Julie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is elke Maandag en Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Neem asb kennis dat die kerkkantoor weksdae van 08:00-13:00 via die kerkkantoor telefoonnommer (041-360 1484) beskikbaar is.**

12:45 GEBEDSKILD

Gemeente gebedgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

19:00 GEMEENTEBEDIENING

Dinsdag 1 Augustus

17:30 EIENDOMME

Woensdag 2 Augustus

PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK

Vrydag 4 Augustus

05:00 MANNEGROEP by Carnationlaan 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnommer 082 773 6205

Sondag 6 Augustus

08:30 EIETDSE DIENS

09:45 KATEGES

10:00 KLASSIEKE DIENS

18:00 LEEF@KERK

Dinsdag 8 Augustus

18:00 VAN DER AVEN EN HOËRSKOOL FRAMESBY KOOR

As deel van ons 50-Jarige feesviering is ons baie opgewonde om kaartjies te verkoop vir 'n optrede deur die sanggroep Van Der Aven. Twee van die lede van die sanggroep was oud gemeentelide, naamlik Theunis en Roelof van der Merwe. Hulle ouers, Roelie en Marlisa van der Merwe was lank betrokke by Kraggakamma Gemeente. Die koor van hoërskool Framesby sal vir die voorprogram tydens hierdie geleentheid optree. Die optrede vind op Dinsdagaand 8 Augustus om 18:00 plaas en kaartjies is slegs R 100.00 per persoon en kan by die kerkkantoor gekoop word. Bring jou piekniekmandjie en kom vier die aand saam met ons fees. Kontak Niekie (041 360 1484) vir verdere navrae of om jou kaartjie te koop.

GEBEDSAKE:

Dankie vir die reën en die damvlakke wat bly styg.

Die tweede helfde van die jaar wat voorlê.

Almal wat worstel met hulle gesondheid. Mense wat aan die herstel is nadat hul in hospitaal of siek was.

Bid vir Adriaan van Wyk, sy vrou Magriet en hulle kinders.

Vir 'n einde aan die oorlog in Oekraïne.

Van der Aven se optrede die 8ste Augustus.

Dankie vir die beroepingsprosesse van Patmos en Lorraine Gemeentes wat afgehandel is.

Bid vir 'n moontlike gesamentlike beroep deur Algoa en Sydenham Gemeentes.

THERE4-BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK

Bid saam vir die beskerming van vroue in die noordelike provinsies van **Viëtnam** wat geteiken word vir mensehandel.

Liewe Kraggakamma vriende, Gerrit en Janine Coetzee vertrek binnekort na die Midde-Ooste. Daar is 'n wenslys van items wat hulle graag wil saamneem. Indien enigiemand kan bydrae tot hierdie lys, kontak asb vir Nadia @ 0823360253 vir verdere reëlings nie later as 1 Augustus 2023 nie. Baie dankie. There4-Bedieninge Span

SEWE WEKE REEKS

Ons doen hierdie kwartaal weer 'n sewe weke reeks. Ons nooi almal uit om vir hierdie tyd 'n eie kleingroep te begin of om by 'n bestaande groep van hulle keuse in te skakel. (Besonderhede van selgroepe is agter in kerkalmanak.) Die groepe bespreek onder andere die tema in die week wat volg op die preek. Indien jy wil inskakel, kontak asb met Elizma Harmse by sel: 083 940 5617.

Hierdie jaar se tema is: Gaan Groot!

Sondag 6 Aug

Groot God - Ps 139

Sondag 13 Aug om 09:00 (Nagmaal en Dag van Verootmoediging)

Groot liefde - Ps 103; 1 Joh 4:7-11; 18+19

Sondag 20 Aug

Groot geskep - Ps 8

Sondag 27 Aug - Een erediens om 10:00. Ivor Swartz lei die diens.

Groot genade - 2 Kor 12:9

Sondag 3 Sept

Groot vertrou - Matt 14:22-33; Ps 37:3-5; Luk 12:22-31

Sondag 10 Sept

Groot vreugde - Fil 4:4-9; Joh 10:7-11; Hab 3:17-19

Sondag 17 Sept
Groot vrede - Joh 14:27; Luk 10:38-42; Ps 85
Sondag 24 Sept (Erfenisdag)
Gemeente ete/Erfenisbraai na erediens.

DRAF-STAP-TRAP VIR BYBELS

Raak aktief en help met die druk en verspreiding van Bybels. Hierdie virtuele geleentheid vind 1 – 28 Augustus plaas. Jy kan enige tyd, enige plek en enige afstand draf, stap of trap vir Bybels. Registrasie by www.peaktiming.co.za teen R 100.00 per persoon.

NUWE LIDMATE

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

KERMIS 2023

Met groot vreugde en dankbaarheid wil ons van hierdie geleentheid gebruik maak om almal wat betrokke was by die Kermis hartlik te bedank vir hulle hulp en aandeel aan hierdie heerlike feesgeleentheid. Ons besef dat sonder die harde werk van elke individu hierdie dag nie moontlik sou gewees het nie.

Ons wil ook ons harte uitstort in lof en dankbaarheid aan die Here vir die seën van hierdie wonderlike dag. Die sukses van die Kermis en die wins van R 159 066.00 is 'n getuienis van Sy goedheid en genade. Ons erken dat alle eer Hom toekom en dat Hy ons met die nodige hulpbronne en geleenthede geseën het om van hierdie dag 'n sukses te maak.

GOD’S KAROO WOMEN 2023

Die God’s Karoo Women 2023 vind die naweek van 3 – 5 November by Mentorskraal plaas. Die koste is R 320.00 vir die naweek of R 160.00 per dag. Kontak die God’s Karoo Women kantoor (071 398 6397) vir meer inligting.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

30 Julie	Benita Poovan
31 Julie	Gene Toerien
1 Augustus	Zandri Kohne, Willie Moller en Thea Myburgh
2 Augustus	Adri de Wit
3 Augustus	André Albertyn, Liam Blignault, Annel Germishuys en Hein Nel
4 Augustus	Benn de Wit, Luhein Frazenburg snr, Ashleigh Frazenburg, Freddie Gerber, Martin Spinks, Arno Spinks, Theresa Thompson, Liane van der Merwe en Marisa van Wyk
5 Augustus	Christoff van der Merwe

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

